**1 Desember**

**Skrifgedeelte: Genesis 1:1, 2, 26-31**
**Fokusgedeelte: Genesis 1:1, 27, 31**

## God maak alles baie goed en sorg steeds vir alles

God het alles begin. Hy het in die begin die hemel en die aarde geskep. Dit beteken dat Hy op ’n almagtige manier alles uit niks gemaak het. Hy het sy skepping baie goed gemaak. Hy besit sy ganse skepping. Hy regeer sy skepping. Hy sorg vir alles wat Hy geskep het. Hy is die Koning van sy koninkryk.

Hy het ook die mens geskep, ’n man en ’n vrou. Hy het die mens na sy beeld geskep. Dat die mens na God se beeld geskep is, beteken dat die mens heeltemal afhanklik van God is. Die mens bestaan alleen, leef alleen in ’n verhouding met die lewende God. Verder hou die geskapenheid van die mens as beeld van God in dat die mens geheel en al in diens van God staan.

In ’n lewende verhouding met die lewende God moet die mens dus diensbaar aan God wees. Hierdie diensbaarheid moet wys in die mens se liefde vir God en liefde vir die ander mense wat God geskep het. Verder moet hierdie diensbaarheid wys in die mens se omgang met die skepping, waar die mens die skepping ontwikkel en oppas.

Los van God en sonder ’n lewende en innige verhouding met Hom, sal die mens die skepping en sy medemens net verniel en afbreek. God sorg self dat die verhouding tussen Hom en die mens behoue bly. Hy het daarvoor sy Seun gegee. Jesus Christus het deur sy dood en opstanding die verhouding tussen God en elke mens wat in Hom glo, ewig vasgemaak. In Christus leef elke ware gelowige deur die Heilige Gees weer nuut.

Die Heilige Gees lei my om daagliks ’n nuwe lewe in God se koninkryk te leef– ’n lewe van liefde vir God en my naaste en ’n lewe van sorg vir God se skepping!

*Sing: Psalm 19:1, 7 (1936)*

*Ds. PJ (Johan) Nel (Akasia)*